

AQUACHECK E-Support intekendiens

Met hierdie spesiale intekendiens poog ons om u nie net te help om die AquaCheck toerusting tot sy volle potensiaal te benut nie, maar ook die gemoedsrus te gee dat daar kundige persone beskikbaar is wat u deur die *seisoen* sal bystaan met die interpretasie van die data. Vir boomgewasse word seisoen gedefiniëer as die periode vanaf blom- tot en met oesdatum en vir gesaaides die periode tussen plant/sny- tot en met die oesdatum. Hierdie diens is nie 'n skeduleringsdiens nie, maar poog om u met die nodige kundigheid toe te rus om self ingeligte besluite rakende u besproeiing te kan neem en sodoende te verseker dat daar op die lange duur volhoubaar geboer word. Die finale besluit en uitkomst daarvan bly steeds u verantwoordelikheid.

Wat is ingesluit ?

- Tegniese opstelling van elkeen van die ingetekende probes binne die AquaCheckWeb sagteware program.
- Evaluasie van die kwaliteit van die data wat vanaf elke probe ontvang word asook hoe goed die probe geïnstalleer is.
- Die opstel van verskillende wortelzones om in staat te wees om die bo- en ondergrond verskillend te kan bestuur, waar nodig.
- Verifiëring van die grond se waterhouvermoë en die stel van die boonste en onderste bestuurslyne.
- Bystand met die opstel van spesifieke kultivarlyne (volgens u plaaslike konsultant se voorskrifte), waar meer detail besproeiingsbestuur volgens groeistadia benodig word.
- Toegang tot die AquaCheck Helpdesk waar u spesifieke navrae kan rig aan kundiges hetsy van 'n agronomiese of tegniese aard.
- Hulp met die interpretasie van die data deur 'n kundige geakkrediteerde persoon wat gereeld terugvoer gee volgens 'n vaste program (uiteengesit hieronder).
- Terugvoer geskied op 'n elektroniese basis en sluit nie enige plaasbesoeke in nie, tensy dit spesiaal versoek word. Addisionele kostes sal dan van toepassing wees.

Wat word van die produsent benodig?

Om in staat te wees om sinvolle terugvoer te gee, word die volgende basiese inligting van u benodig wat insluit: (1) persoonlik (kontakbesonderhede), (2) probe (probe lengte, aantal sensore, GPS koördinate, data ID nommer en boordnommer), (3) grond (tipe grond asook gronddiepte), (4) gewas (tipe gewas, plant- of blomdatum asook oesdatum) en (5) besproeiingstelsel (tipe stelsel en leweringstempo). Indien enige vêrdere detail kalibrasies verlang word (soos byvoorbeeld vir die "normalised irrigation: normalised reaction") sal daar van die produsent verwag word om gedurende die seisoen akkuraat boek te hou van besproeiings- en reënval hoeveelhede (verkieslik met 'n elektroniese reënmeter).

E-support program inhoud:

Gedurende die seisoen word daar op agt geleenthede skriftelike terugvoer aan u gegee vir elkeen van die probes wat ingeteken is op die diens. Die eerste twee verslae fokus hoofsaaklik op tegniese aspekte, terwyl verslag nommer drie tot sewe meer op besproeiingsaspekte fokus. Die laaste verslag word gelewer kort na afloop van die finale oes en evalueer die besproeiingsprestasie van die afgelope seisoen. 'n Kort uiteensetting van die inhoud van elkeen van die agt verslae word vervolgens gegee:

Verslae 1 en 2:

- Bevestig die data integriteit (evalueer die kwaliteit van die data wat ontvang word asook die gehalte van die installasie).
- Gebruik die beskikbare data om twee wortelzones op te stel om sodoende die grondprofiel op te deel in 'n bo- en ondergrond.
- Stel voorlopig die boonste (Upper Readily Available Water, URAW) en onderste (Lower Readily Available Water, LRAW) bestuurslyne vir elke wortelzone. Bevestig tydens Verslag 2 dat die posisie van die bestuurslyne vir elke wortelzone korrek is en maak verstellings waar nodig.
- Gee 'n baie oorsigtelike evaluasie van die huidige besproeiingsstrategie wat fokus op ooglopende foute soos byvoorbeeld oor- of onderbesproeiing.

Verslae 3 tot 7:

- Doen slegs 'n baie oorsigtelike evaluasie van die data integriteit aangesien die hooffokus van hierdie groep verslae op besproeiing val.
- Datagrafieke (Sommasie, Enkel sensore en Wortelzone) word in detail geïnterpreteer met spesifieke fokus op die volgende:
 - Word daar ooglopend oor- of onderbesproei?
 - Is die bestaande besproeiing voldoende om die hele profiel te benat of beweeg water slegs deur tot op die vlakker grondlae?
 - Is daar tekens van langdurige versuip-toestande in die ondergrond sigbaar?
 - Word die gewas vir lang periodes aan stremmingstoestande blootgestel?
 - Op watter dieptes is die meeste wortelaktiwiteit sigbaar?
- Gebaseer op bogenoemde bevindinge, word die besproeiingsbestuur geëvalueer en algemene riglyne verskaf rakende aanpassings in sikluslengtes of besproeiingshoeveelhede, waar nodig.
- Die voorlaaste verslag, naamlik Verslag 7 word gelewer in die periode net voor oes en het ten doel om te verseker dat alle besproeiingsaspekte korrek bestuur word en dat enige voorgestelde regstellings wel betyds gedoen is.

Verslag 8:

- Die laaste verslag word gelewer na afloop van die oes en is 'n opsommende oorsig van die afgelope seisoen se besproeiing bestuur. Areas waar die bestuur verbeter kan word, sal uitgewys word met voorbeelde.